Erediens: EXAUDI (Hoor)
Gelewer: 12 Mei 2024 in Kroondal
Preekteks: Johannes 16, 5-15.
Prediker: Biskop Theo Jäckel

Genade sy met jou en vrede van God, ons Vader en die Here Jesus Christus. Amen.

In Jesus se afskeid-rede in die Evangelie volgens Johannes beloof Hy Sy dissipels dat iemand anders sal kom, nadat Hy na die Vader terug gegaan het. Ek lees uit die Evangelie volgens Johannes, hoofstuk 16, verse 5 tot 15

Jesus sê: En nou gaan Ek na Hom wat My gestuur het; en niemand van julle vra My: Waar gaan U heen nie? Maar omdat Ek dit vir julle gesê het, het droefheid julle hart vervul. Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is. Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. 'n Klein tydjie, en julle sal My nie sien nie; en weer 'n klein tydjie, en julle sal My sien, omdat Ek na die Vader gaan.

Laat ons bid:

Ek moet gaan, want net as ek gaan, kan ek in elkeen van julle deur die Heilige Gees lewe, sê Jesus. Die Heilige Gees sal kom as 'n trooster en helper. Hy sal nie kom om die mense te oordeel nie, maar om hulle te help. Hy is hier om nuwe lewe en herlewing te bring.

Die Heilige Gees is die Gees van *die Waarheid* en Hy sal slegs die waarheid verkondig.

Wat is die waarheid wat die Heilige Gees verkondig?

Ek lees voor uit ons preek teks:

Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.

Die waarheid wat deur die Heilige Gees verkondig word, is die waarheid in en deur Christus. Daarom bring hy nie 'n nuwe boodskap nie. Hy verkondig wat Christus geleef en geleer het. Dus, as jy wil weet of iemand regtig optree en praat deur die krag van die Heilige Gees, kan jy dit deur die Bybel doen. Die Heilige Gees sal nooit weerspreek wat Jesus self geleer en geleef het nie.

Dit is die fondasie van die waarheid wat die Heilige Gees verkondig. Maar Jesus gaan verder. Hy word nog meer spesifiek:

Jesus sê dat die Heilige Gees drie dinge sal doen:

Hy sal die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle nie in Christus glo nie.

Hy sal ons leer van ware geregtigheid, - die geregtigheid dat Christus vir elkeen van ons sterf.

Hy sal mense oortuig van die oordeel van God, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.

<u>Die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle nie in Christus glo nie.</u>

Wat is sonde? Baie mense glo dat sonde die verkeerde dinge is wat ons doen. Die Bybel noem egter hierdie dinge die gevolge van die sonde. Sonde is in die eerste instansie 'n skeiding van God, en die slegte dinge wat ons doen, vloei daaruit. Deur weg te breek van God, doen ons dinge wat teen sy wil is. Sonde is nie in die eerste instansie ongeregtigheid of die oortreding van die wet van God nie, maar dit wat ons toegang tot Jesus Christus, sy genade en sy leiding, wegneem.

In die derde hoofstuk van die Evangelie volgens Johannes kom Nicodemus na Jesus en stel vrae. Daarna maak Jesus 'n verklaring:

Jesus sê: Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie……. Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat

elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. **(Johannes 3)**

<u>Die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in Christus glo nie.</u>

Die pad na God toe lei deur die geloof in Jesus Christus. As jy die krag van die Heilige Gees in jou lewe wil ervaar en daardeur wedergebore wil word, aanvaar dan Jesus Christus as jou verlosser in jou lewe. Daar is geen ander manier nie. Die grootste sonde - die grootste skeiding van God - is dat die mens nie Christus in sy lewe ontvang nie.

<u>Die Heilige Gees sal ons leer van sonde en van ware geregtigheid, - die geregtigheid dat Jesus Christus vir elkeen van ons sterf.</u>

Van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie;

Ons word gered deur die dood van 'n man aan ’n kruis. 'n Mens sterf op ’n kruis en so word almal wat in hierdie man glo en hulle sonde aan hom afgee, gered.

Sien ons as Christine eintlik nog hoe ongelooflik en “belaglik” hierdie boodskap klink. 'n Skynbaar mislukte man sterf aan die kruis en deur hierdie dood glo ons dat God se geregtigheid hierdie wêreld verower het. Dit is in die ware sin van die woord ongelooflik.

En tog sal mense dit glo en daardeur gered word, sê Jesus. Hulle sal dit nie uit hul eie krag glo nie. Die boodskap pas nie in hierdie wêreld nie. Maar hulle sal dit glo omdat dit die waarheid is, en omdat hulle die stem van die Heilige Gees hoor en gehoorsaam. En deur te hoor en gehoorsaam te wees aan hierdie stem, sal hulle ervaar wat dit beteken om wedergebore te word en om van voor mag te begin. Enigeen wat sy verlede en sonde na die kruis van Jesus bring, doen dit deur die krag van die Heilige Gees. Sonder sy teenwoordigheid is dit onmoontlik. Maar met sy teenwoordigheid kan mense wedergebore word en leef as die bevryde kinders van God in hierdie wêreld.

<u>Die Heilige Gees sal mense oortuig van die oordeel van God, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.</u>

Die Gees sal leer van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.

Ons leef in 'n wêreld waar daar lyding en pyn is. 'n Wêreld waarin onreg blyk te regeer en baie glo dat hulle net kan oorleef as hulle deel daarvan word.

En as Christene verkondig ons in hierdie wêreld: Christus het oorwin. Die lyding sal eendag tot 'n einde kom en selfs in hierdie lyding het ons die vrede en teenwoordigheid van God. Aan die kruis het hy die mag van die bose oorwin. Die duiwel kan ons nog steeds bedreig en lyding in hierdie wêreld veroorsaak, maar hy kan ons nie van God se liefde en vrede in ons lewens skei nie. Die bose bestaan nog steeds, maar dit word geoordeel. Hy het sy mag oor ons deur Christus verloor. Omdat Christene dit weet, kan hulle teen die bose veg. Ons kan nie alles verduidelik nie, maar ons hou vas aan die geloof dat Christus oorwin het. Ons ervaar vrede en verkry 'n krag wat nie in menslike terme verklaar kan word nie. Die duiwel is verslaan. Hy kan ons nie meer bind of vernietig nie.

Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur.

Is die Heilige Gees vandag onder ons aan die werk? Die antwoord is ’n duidelike Ja!

- Hy is aan die werk waar mense Jesus Christus ten volle aanvaar en hom hulle lewens gee.

- Hy is aan die werk waar Christene mekaar aanvaar in liefde en mekaar dra, mekaar vergewe en vir mekaar daar is.

- Die Heilige Gees is aan die werk waar mense werklik verstaan wat dit beteken om deur genade te lewe. Waar mense hulle sondes by die kruis van Christus aflê en vra dat Sy Gees hulle sal lei.

- Die Heilige Gees werk waar mense ervaar dat Christus die mag het en dat die bose oorwin is. Deur die Heilige Gees ontvang hulle hoop wat nie vernietig kan word nie. Hoop wat veg teen hopeloosheid en lyding in die wete dat al die magte van hierdie wêreld wat teen Christus veg, alreeds veroordeel is. Hulle het reeds hul finale krag verloor.

Mag die vrede van God, wat meer is as ons vernuf, julle harte en gedagtes bewaar in Christus Jesus. Amen